**Dinsdag 29 November**

**Skrifgedeelte: Rut 1:7-17**
**Fokusgedeelte: Rut 1:11-13**

## Ware hoop is realisties

Vir God is enigiets moontlik! Dit was vir Hom moontlik om selfs vir Abraham en Saraï in hulle ouderdom 'n kind te gee en die maagd Maria met die Verlosser swanger te laat wees. Om Jesus wat gekruisig is, uit die dood op te wek. Hy bring deur sy Gees mense tot geloof en bekering! Hy kan dit doen! Hy doen sulke heerlike dinge ook in ons lewe!

Tog is daar omstandighede waarin 'n mens nie anders kan nie as om soos Naomi te wil sê: "Dit is onmoontlik." Sy weet dit is onrealisties om te dink dat sy nog weer seuns kan hê met wie Orpa en Rut eendag kan trou. Dit help nie om op so iets te hoop nie. Al is Hy in staat om enigiets te doen.

Geloof in die almagtige God maak ons nie wensdenkers wat op die onmoontlike hoop nie. Nee, geloof laat ons met vaste hoop daarna uitsien dat die Here sy beloftes sal waar maak, op sy tyd en op sy manier. Geloof gee Rut die sekerheid (ware hoop) dat Hy ook in die vreemde land haar God sal wees.

Geloof maak dit vir ons moontlik om selfs hartseer omstandighede te kan aanvaar en vrede te kan kry oor wat Hy in ons lewe beskik. Ons hoop as gelowiges by ons sterwende geliefde is die sekerheid dat elkeen wat in Jesus glo, sal lewe, al het hy gesterf. Ons hoop by die graf van my kindjie is dat my Vader in die hemel my deur sy Gees sal troos en my sal dra.

Ons het alle rede om met sekerheid daarna uit te sien dat sy koninkryk al hoe duideliker gesien sal word in die lewe van mense, ook in ons eie lewe, en om vol hoop vir die wederkoms van ons Here Jesus te bid!

Is dit ook waarop jy hoopvol wag?

*Sing: Psalm 128:1, 4 (1936)*

*Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)*